# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

# STAATSKOERANT

# GOVERNMENT GAZETTE

## FOR THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* — *Registered at the Post Office as a Newspaper*

**R0,80** Prys • Price
**R0,08** Plus 10% BTW • VAT
**R0,88** Verkoopprys • Selling price
Buitelands **R1,10** Other countries
Posvry • Post free

VOL. 321

KAAPSTAD, 20 MAART 1992
CAPE TOWN, 20 MARCH 1992

No. 13865


KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 905. 20 Maart 1992

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 31 van 1992: Gedeeltelike Begrotingswet (Raad van Verteenwoordigers), 1992.

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 905. 20 March 1992

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 31 of 1992: Part Appropriation Act (House of Representatives), 1992.

# WET

**Tot bewilliging van 'n bedrag van hoogstens R1 647 000 000 uit die Staatsinkomstefonds vir 'n gedeelte van die behoeftes van die Administrasie: Raad van Verteenwoordigers gedurende die boekjaar wat op 31 Maart 1993 eindig.**

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 16 Maart 1992.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Raad van Verteenwoordigers van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Bewilliging van geld vir gedeelte van behoeftes van Administrasie: Raad van Verteenwoordigers**

**1.** Behoudens die bepalings van die tweede voorbehoudsbepaling by subartikel (1) en van subartikel (2) van artikel 4 van die Skatkiswet, 1975 (Wet No. 66 van 1975), word daar hierby uit die Staatsinkomstefonds 'n bedrag van hoogstens R1 647 000 000 ten laste van die Inkomsterekening: Raad van Verteenwoordigers bewillig wat nodig mag wees vir 'n gedeelte van die behoeftes van die Administrasie: Raad van Verteenwoordigers gedurende die boekjaar wat op 31 Maart 1993 eindig, tot tyd en wyl voorsiening in 'n Begrotingswet vir dié behoeftes gemaak is.

**Kort titel**

**2.** Hierdie Wet heet die Gedeeltelike Begrotingswet (Raad van Verteenwoordigers), 1992.

# ACT

**To appropriate an amount not exceeding R1 647 000 000 out of the State Revenue Fund for a part of the requirements of the Administration: House of Representatives during the financial year ending 31 March 1993.**

*(Afrikaans text signed by the State President.)*
*(Assented to 16 March 1992.)*

BE IT ENACTED by the State President and the House of Representatives of the Republic of South Africa, as follows:—

**Appropriation of moneys for part of requirements of Administration: House of Representatives**

**1.** Subject to the provisions of the second proviso to subsection (1) and of subsection (2) of section 4 of the Exchequer Act, 1975 (Act No. 66 of 1975), there is hereby appropriated out of the State Revenue Fund such amount not exceeding R1 647 000 000 as a charge against the Revenue Account: House of Representatives as may be necessary for a part of the requirements of the Administration: House of Representatives during the financial year ending 31 March 1993, until such time as provision has been made in an Appropriation Act for such requirements.

**Short title**

**2.** This Act shall be called the Part Appropriation Act (House of Representatives), 1992.

GEDRUK DEUR CREDA PRESS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 323-9731 X267—13000
PRINTED BY CREDA PRESS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 323-9731 X267—13000